PAIA HANDLEIDING

van die Professional Golfers Association of South Africa (PGASA)

Saamgestel ingevolge afdeling 51 van die Promotion of Access to Information Act 2 of 2000 (as amended)

OPGESTEL: 01/10/2021
HERSIEN: 01/10/2021

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE

1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS 3

2. DOEL VAN DIE PAIA HANDLEIDING 3

3. KERN KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN DIE PGA 4

4. RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE PAIA VIR TOEGANG TOT HIERDIE GIDS 4

6. BESKRYWING VAN DIE REKORDS VAN DIE PGA SOOS BESKIKBAAR IN OOREENSTEMMING MET ANDER WETGEWING 7

7. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAARVAN HIERDIE INSTANSIE REKORDS HOU MET DIE VERSKILLENDE KLASSE VAN REKORDS PER ONDERWERP SOOS GEHOU DEUR DIE PGA 7

8. VERWERKING VAN PERSOONLIKE BESONDERHEDE 8

9. BESKIKBAARHEID VAN EN TOEGANG TOT DIE HANDLEIDING 8

1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS

1.1	**"CEO"**	Hoofuitvoerendebeampte
1.2	**"IO"**	Inligtingsbeampte
1.3	**"Minister"**	Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste
1.4	**"PAIA"**	Promotion of Access to Information Act No. 2 of 2000 (as Amended) Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting No. 2 van 2000 (soos Gewysig)
1.5	**"Personal Information"**	soos omskryf en uiteengesit in die "Website Privacy Policy"
1.6	**"POPIA"**	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting No.4 van 2013
1.7	**"Record"**	soos omskryf en uiteengesit in afdeling 1 van die POPIA
1.8	**"Regulator"**	Reguleerder
1.9	**"Republic"**	Republiek van Suid Afrika

2. DOEL VAN DIE PAIA HANDLEIDING

Die PAIA Handleiding is handig vir aanwending deur lede van die publiek, as volg:

2.1 dit is moontlik om sonder vooraf 'n formele PAIA versoek in te dien, die klasse van die beskikbare Rekords, soos gehou deur die PGA, na te gaan

2.2 die beskikbaarstelling van beskrywings van al die onderwerpe, asook die klasse daarvan, waarvan die PGA Records hou, verskaf duidelike begrip vir watter metode om te volg, wanneer aansoek vir toegang tot PGA Rekords gemaak word

2.3 bekendmaking van die beskrywings van PGA Rekords, soos gehou en beskikbaar in ooreenstemming met enige ander wetgewing

2.4 toegang tot alle verwante kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte, wie bystand verleen aan lede van die publiek, met Rekords waarna toegang verlang word

2.5 bekendmaking van die beskrywing van die handleiding vir die gebruik van die PAIA, soos op datum gehou deur die Inligtingsreguleerder en toegangverkryging daartoe

2.6 bewusmaking van sou die PGA Persoonlike Besonderhede verwerk, die doel van die verwerking van sulke inligting en die beskrywing van die klasse van die data-onderwerpe, asook die inligting of inligtingsklasse, daaraan verwant

2.7 bekendmaking van die beskrywings van die klasse van die data-onderwerpe en van die inligting of inligtingsklasse verwant daaraan

2.8 bekendmaking van die ontvangers of klasse van ontvangers, aan wie Persoonlike Besonderhede, verskaf mag word

2.9 bewusmaking van sou die PGA beplan om Persoonlike Besonderhede oor te plaas of om dit buite die Republiek van Suid Afrika te verwerk en die ontvangers of klasse van ontvangers, aan wie dit beskikbaar gemaak mag word

2.10 bewusmaking van sou die PGA wel beskik oor toepaslike sekerheidsmaatreëls ter versekering van die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die Persoonlike Besonderhede wat verwerk moet word

3. KERN KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN DIE PGA

3.1. **Inligtingsbeampte**

Naam: Ivano Ficalbi

Tel: (+27) 11 485-1370

E-pos: ivano@pga.co.za

3.2. **Nasionale Hoofkantoor**

PGA Head Office, Royal Johannesburg and Kensington Golf Club, 1 Fairway Avenue, Linksfield, Johannesburg, 2192.

PO Box 949, Bedfordview, 2008.

Telefoon: 011 485 1370

E-pos: admin@pga.co.za

Webwerf: www.pga.co.za

4. RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE PAIA VIR TOEGANG TOT HIERDIE GIDS

4.1. Die hersiene Gids vir die gebruik van PAIA, is ingevolge afdeling 10(1) van PAIA, soos gewysig, in ‘n maklik begrypbare formaat, soos redelik benodig mag word deur ‘n person wie graag enige reg wou uitoefen soos oorweeg in PAIA en POPIA, deur die Reguleerder opdateer en beskikbaar gestel.

4.2. Die Gids is beskikbaar in elk van die amptelike landstale asook Braille.

4.3. Die voormelde Gids bevat die beskrywing van-

4.3.1. die oogmerke van PAIA en POPIA

4.3.2. die pos- en straatadresse, telefoon- en FAX nommers en indien beskikbaar, elektroniese pos-adres van-

4.3.2.1. die Inligtingsbeampte van elke openbare instelling, en

4.3.2.2. elke Adjunk-Inligtingsbeampte van elke openbare en privaat instelling, aangewys ingevolge afdeling 17(1) van PAIA[1] en afdeling 56 van POPIA[2];

4.3.3. die manier en vorm van ‘n versoek om-

4.3.3.1. toegang tot ‘n Rekord van ‘n openbare instelling soos oorweeg in afdeling 11[3]; en

4.3.3.2. toegang tot ‘n Rekord van ‘n privaat instelling soos oorweeg in afdeling 50[4];

4.3.4. die bystand beskikbaar deur die Inligtingsbeampte van ‘n openbare instelling ingevolge PAIA and POPIA

4.3.5. die bystand beskikbaar deur die Reguleerder ingevolge PAIA and POPIA

4.3.6. alle beskikbare wetlike regsmiddels met betrekking tot ‘n optrede of gebrek aan optrede ten opsigte van ‘n reg of plig toegeken of opgelê deur PAIA and POPIA, ingeslote die manier van indiening-

4.3.6.1. ‘n interne àppel

4.3.6.2. ‘n klag gerig aan die Reguleerder

4.3.6.3. ‘n hofaansoek teen ‘n besluit deur die Inligtingsbeampte van ‘n openbare instansie, ‘n besluit oor ‘n interne àppel of ‘n besluit

---

[1] *Afdeling 17(1) van PAIA- Vir die doeleindes van PAIA moet elke openbare liggaam, onderhewig aan wetgewing wat die indiensneming van personeel, van die betrokke openbare liggaam, ‘n redelike aantal persone as adjunk-inligtingsbeamptes aanwys as wat nodig is, om die openbare liggaam as toeganklik geag kan word vir versoekers van sy rekords.*

[2] *Afdeling 56(a) van POPIA- Elke openbare en private liggaam moet voorsiening maak, op die wyse voorgeskryf in Afdeling 17 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, met die nodige veranderinge, vir die aanwysing van so 'n aantal persone, indien enige , as adjunk-inligtingsbeamptes soos nodig is om die pligte en verantwoordelikhede soos uiteengesit in Afdeling 55(1) van POPIA uit te voer.*

[3] *Afdeling 11(1) van PAIA- 'n Versoeker moet toegang gegee word tot 'n rekord van 'n openbare liggaam indien daardie versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in PAIA met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord; en toegang tot daardie rekord word nie geweier ingevolge enige grond vir weiering beoog in Hoofstuk 4 van hierdie Deel nie*

[4] *Afdeling 50(1) van PAIA- 'n Versoeker moet toegang gegee word tot enige rekord van 'n private liggaam indien-*
a) daardie rekord nodig is vir die uitoefening of beskerming van enige regte;
b) daardie persoon voldoen aan die prosedurele vereistes in PAIA met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord; en
c) toegang tot daardie rekord word nie geweier in terme van enige grond vir weiering beoog in Hoofstuk 4 van hierdie Deel nie.

deur die Reguleerder of ‘n besluit deur die hoof van ‘n privaat instansie

4.3.7. die bepalings ingevolge afdelings 14[5] en 51[6] wat vereis dat openbare sowel privaat instansies, onderskeidelik, ‘n handleiding saamstel, asook hoe om toegang daartoe te bekom

4.3.8. die bepalings ingevolge afdelings 15[7] en 52[8] wat voorsiening maak vir die vrywillige openbaarmaking van die klasse van Rekords, afsonderlik, deur openbare en privaat instansies

4.3.9. die kennisgewings uitgereik ingevolge afdelings 22[9] and 54[10] met betrekking tot die fooie betaalbaar in terme van versoeke tot toegang

4.3.10. die regulasies opgestel ingevolge afdeling 92[11].

4.4. Lede van die publiek mag gedurende gewone werksure, by die kantore van die openbare en privaat instansies, ingeslote die kantoor van die Reguleerder, die Gids (“Guide”) raadpleeg of afskrifte daarvan maak

4.5. Die Gids (“Guide”) mag ook bekom word-

4.5.1. deur ‘n versoek te rig aan die Inligtingsbeampte

4.5.2. vanaf die webwerf van die Reguleereder (https://www.justice.gov.za/inforeg/).

4.6 ‘n Afskrif van die Gids (“Guide”) in twee van die amptelike landstale, is ook beskikbaar vir openbare besigtiging, gedurende gewone kantoorure-

---

[5] *Afdeling 14(1) van PAIA- Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet, in ten minste drie amptelike tale, 'n handleiding beskikbaar stel wat inligting bevat wat in paragraaf 4 hierbo gelys is.*

[6] *Afdeling 51(1) van PAIA- Die hoof van 'n private liggaam moet 'n handleiding beskikbaar stel wat die beskrywing bevat van die inligting gelys in paragraaf 4 hierbo.*

[7] *Afdeling 15(1) van PAIA- Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing van die kategorieë van rekords van die openbare liggaam beskikbaar stel wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.*

[8] *Afdeling 52(1) van PAIA- Die hoof van 'n privaatliggaam kan op 'n vrywillige basis op die voorgeskrewe wyse, 'n beskrywing van die kategorieë van rekords van die privaatliggaam beskikbaar stel, wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.*

[9] *Afdeling 22(1) van PAIA- Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker vereis om die voorgeskrewe versoekfooi (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.*

[10] *Afdeling 54(1) van PAIA- Die hoof van 'n privaatliggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker vereis om die voorgeskrewe versoekfooi (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.*

[11] *Afdeling 92(1) van PAIA bepaal dat –“Die Minister kan, by kennisgewing in die Staatskoerant, regulasies maak rakende-*
(a) enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word;
(b) enige aangeleentheid met betrekking tot die gelde beoog in Afdelings 22 en 54;
(c) enige kennisgewing wat deur hierdie Wet vereis word;
(d) eenvormige kriteria wat deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam toegepas moet word wanneer daar besluit word watter kategorieë rekords ingevolge Afdeling 15 beskikbaar gestel moet word; en
(e) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet.”

4.6.1 English

4.6.2 Afrikaans

5. KLASSE VAN REKORDS VAN DIE PGA BEKIKBAAR SONDER DAT 'N PERSOON 'N VERSOEK TOT TOEGANG MOET MAAK

Klas van Rekords	**Soort Rekord**	Beskikbaar op die Webwerf	Beskikbaar per Versoek
Persoonlike Besonderhede	Lidmaatskap Rekords	X	X
Vertroulike Inligting	Lidmaatskap Rekords Toernooi Rekords		X

6. BESKRYWING VAN DIE REKORDS VAN DIE PGA SOOS BESKIKBAAR IN OOREENSTEMMING MET ANDER WETGEWING

Klas van Rekords	**Betrokke Wetgewing**
Memorandum of incorporation	Companies Act 71 of 2008
PAIA Manual	Promotion of Access to Information Act 2 of 2000

7. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAARVAN HIERDIE INSTANSIE REKORDS HOU MET DIE VERSKILLENDE KLASSE VAN REKORDS PER ONDERWERP SOOS GEHOU DEUR DIE PGA

Onderwerpe waarvan die Instansie rekords hou	**Klas van Rekords**
Menslike Hulpbronne	- MH beleid en prosedures - Ge-adverteerde poste - Werknemers rekords
Lidmaatskap Rekords	- Kontakbesonderhede - Bankbesonderhede - Beroepsbesonderhede - Opleidingsbesonderhede - Besonderhede van Bydraes tot die PGA - Rekeningbesonderhede

Onderwerpe waarvan die Instansie rekords hou	Klas van Rekords
Spel Rekords	- Toernooi Uitslae - Toernooi Verdienste

8. VERWERKING VAN PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Inligting met betrekking tot die verwerking van Persoonlike Besonderhede deur die PGA is beskikbaar per die Website Privacy Policy by : www.pga.co.za/about.

Sou verdere inligting benodig word, skakel gerus met die Inligtingsbeampte : besonderhede beskikbaar per klosule **Error! Reference source not found.**.

9. BESKIKBAARHEID VAN EN TOEGANG TOT DIE HANDLEIDING

9.1 'n Afskrif van die Handleiding is as volg beskikbaar-

9.1.1 by www.pga.co.za/about

9.1.2 openbare besigtiging by die PGA Hoofkantoor gedurende gewone sake-ure

9.1.3 op versoek aan enige persoon teen 'n billik voorgeskrewe fooi

9.1.4 op versoek aan die Inligtingsreguleerder

9.2 'n A4-grootte fotostatiese afskrif van die Handleiding is beskikbaar teen 'n fooi soos oorweeg in aanhangsel B van die Regulasies

10. BYHOU VAN DIE HANDLEIDING

Die Inligtingsbeampte van die PGA sal op 'n gereelde grondslag die Handleiding opdateer

Uitgereik deur



_____

Ivano Ficalbi

Hoofuitvoerendebeampte

PGA of South Africa